

Die herbetowering van 'n ont-towerde wêreld

The reenchantment of a disenchanted world

FANIE DE BEER

Departement Inligtingkunde

Universiteit van Pretoria

fanie.debeer@up.ac.za



Fanie de Beer

CS (FANIE) DE BEER is Emeritus Professor van die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika en tans Buitengewone Professor in Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy graadueer in Landbou en Filosofie (doktorale werk) aan die Universiteit van Pretoria en Parys X, Nanterre, Frankryk, onderskeidelik. Hy doseer Inligtingkunde, Wysbegeerte en Kommunikasiekunde aan verskillende universiteite, onderneem navorsing op al hierdie gebiede en verwante subgebiede. Hy publiseer daaroor en doen konsultasiewerk oor kennisskepping, -benutting en -disseminasie. Onder sy publikasies tot op datum tel 6 boeke (as outeur), 5 boeke (as redakteur), 98 wetenskaplike artikels en verskeie navorsingsverslae. Hy doen tans ekstensief navorsing en publiseer oor die volgende temas: die filosofie en teorie van inligting in die wydste sin van die woord, met besondere klem op die individuele en sosiale implikasies van inligting; navorsingsmetodologiese uitdagings; filosofieë en teorieë van tegniek en tegnologie; kennisinwensie, -disseminasie, -benutting en -bestuur; lees- en interpretasieteorieë en die bestaande geletterdheidsnood; en oor die herinwensie van menslike geestelikeid, noölogie en die gees van ons tyd.

CS (FANIE) DE BEER is Professor Emeritus of the Department of Information Science, University of South Africa and is currently Extraordinary Professor of Information Science at the University of Pretoria. He graduated in Agriculture and Philosophy (doctoral work) at the University of Pretoria and Paris X, Nanterre, France, respectively. He taught Information Science, Communications, and Philosophy, undertook research in all these disciplines and related sub-disciplines and was involved in consultation work in the area of knowledge utilization and information dissemination. To date he has published 6 books (as author), 5 books (as editor), 98 scientific articles, and a number of research reports. He is currently extensively engaged in research and publishes on the following themes: the philosophy and theory of information in the widest possible sense, with special emphasis on the individual and social implications of information; research-methodological challenges; philosophies and theories of tecnic and technology; knowledge invention, dissemination, utilization and management; reading and interpretation theories and the existing literacy needs; and on the re-invention of human spirituality, noology and the spirit of our age.

ABSTRACT

We live in challenging but also threatening times. The world is becoming a strange place for humans to live in and to feel at home in. Catastrophic consequences or developments are continuously predicted. Special efforts are required to make the world into a better place, into a comfortable and safe dwelling. For this reason it is justified to reflect on what we call world, how

the term is used, the meaning of the term, its validity and scope. The deep-seated nature of world needs to be carefully investigated as well as the assumptions that rule this term. It is quite a sensible question to ask: "in what worlds are we living", especially when world and its relation to meaning and the creation of meaning is at issue, since they are intimately connected. It is quite a comprehensive term including humans and the things they encounter as well as the experiences they are subjected to and the dreams they cherish – the fate of the future of humankind and the quality of things. The disturbance of world, its disenchantment therefore, implies in a very direct sense the disturbance of meaning, even the loss or absence of meaning, and eventually the disturbance of life itself.

Intimately related to the question regarding the world is the question of its disenchantment. The disenchantment of the world is self-evident from various perspectives with a series of issues contributing to this. Certain identifiable factors are responsible for this – inevitably unavoidable it seems – that create immense challenges: global warming, exploitation of resources, overpopulation, and even non-physical issues like the degradation of spirituality, etc. may play significant roles in the disenchantment. The disenchantment is in a special but also very sad sense to a great extent a human creation. Humans are the great exploiters and destroyers – of themselves, their environment and the earth. But especially the extent to which these developments lead to the loss of meaning and eventually nihilism as the absolute absence of meaning by which the world becomes unliveable makes the disenchantment a tragic and sad event. Matters may be worse: many cultural and social criticisms suggest even the disappearance of the human race as the final catastrophic fate and outcome of disenchantment.

The major question is whether the re-enchantment, as the response to the disenchantment, is a valid, achievable and necessary option which includes the creation and invention of a liveable world in which meaning would be fulfilled. On what should emphasis be put and would it really imply the character of a battle for humans to achieve world creation and meaning fulfilment and in the last analysis world enchantment. A battle indeed, especially in view of the fact that the disenchantment is forcefully introduced by those in powerful positions. That requires a battle. Although it may be hoped for and worked towards, the re-enchantment is not a self-evident matter. Too much self-interest is at stake. Re-enchantment would certainly require sacrifices which not many humans are willing to commit themselves to. Are humans really in a capable position of recreating and reinventing the world with a view to its recreation into a dwelling? Perhaps the abilities that contribute to the disenchantment, when transformed in the true sense of transformation into creative and inventive capabilities, may be more than able to bring about the recreation of the world. The implication would certainly be that they must be able to restrain the disenchanting forces and also to overturn these forces into positive energy. The non-negotiable condition, however, of re-enchantment will be the respiritualisation of humans and human communities. This would enable humans to recreate the world into a liveable world through compositional thinking by putting and linking together what belongs together in a harmonious way, namely humans and things.

KEY CONCEPTS: Disenchantment, re-enchantment, multiple connective intellection, ecosophy, compositional thinking, world invention

TREFWOORDE: Onttowering, herbetowering, meervoudige konnektiewe intelleksie, ekosofie, komposisionele denke, wêreldinvensie

OPSOMMING

In hierdie artikel word besin oor die begrip wêreld, die gebruik daarvan, die sin daarvan, die geldigheid en omvang daarvan. Die moontlike diepgaande aard daarvan word ondersoek, asook die aannames wat daaroor geld. 'n Antwoord op die vraag “in watter wêreld lewe ons?” word gesoek waartydens veral die verband tussen wêreld- en sinskepping bespreek word.

Hierbenewens word die onttowering van die wêreld bespreek, die vanselfsprekendhede wat dit huisves, die faktore wat dit verweselik, die onvermydelikheid daarvan en die uitdaginge wat dit bied. Daar word eweneens besin oor die mate waartoe die onttowering ons mense se maaksel is en die mate waartoe dit sinverlies en nihilisme verweselik omdat die wêreld onleefbaar gemaak word.

Sou die herbetowering (skepping, maakbaarheid) van of die luisterverlening aan hierdie wêreld 'n geldige en haalbare en noodsaaklike opsie wees wat ook die skepping en invensie van sin verweselik? Indien wel, wat sou die verwagtinge wees? Waarop sou die klem moes val en sou dit wel, soos sommige aandui, die karakter van 'n stryd moes aanneem ten einde wêreldskepping en sinvervulling te verweselik?

INLEIDING

Die lees van *A place for you* (1968) in my jong dae, geskrywe deur 'n Switserse psigiater, Paul Tournier, het 'n onuitwisbare stempel op my gees, bestaan en lewe afgedruk. Toe ek onlangs lees wat Prigogine (Russiese Nobelpryswenner in Fisika) en Stengers (gesiene Belgiese wetenskap-filosof) in hul boek *Tussen tijd en eeuwigheid* (1989) oor “ons plek in die wereld” skrywe, het ek skielik besef waarom “die filosofiese” (wat aan ons almal as denkende wesens behoort) my deurentyd meer bekoor as “die filosofie” (leerstellinge en dogmas van professionele filosowe wat graag aanspraak daarop maak dat hulle die laaste en finale woorde van waarheid wil spreek en te spreek het). Eersgenoemde is 'n goedgeartikuleerde pleidooi vir die vind van, die bewerkstelling van en die deurlopende verweseliking van “tuiswees en tuismaak in die wêreld” met alles wat wêreld ook al mag insluit en op my pad laat kom (Heidegger praat van “die geheel van dit wat is”). Laasgenoemde skrywe die volgende:

Dat wij onze kennis niet los kunnen zien van onze verhoudingen met de wereld, wil op zichzelf niet zeggen dat er een grens is aan die kennis of dat we ervan moeten afzien. We zullen proberen te laten zien dat dit gegeven ook de bron kan zijn van nieuwe eisen betreffende samenhang en pertinentie, van nieuwe onderzoeken die een positieve betekenis [sin] geven aan de veelvuldige relaties die onze plaats in de wereld bepaalt. (Prigogine & Stengers 1989:48-49)

Dit laat 'n mens ook dink aan Michel Serres (1980:27) se besonder insiggewende opmerking as 'n vertrekpunt vir die verbande tussen wetenskappe wanneer hy waarsku dat ons so maklik in die wêreld op ons gemak en aangepas kan raak dat ons die kennis daarvan verloor. Ons hou nie van die woord of ding “sintese” nie; ons kan eenheid betwyfel. “'n Mens kan nogtans probeer om op 'n groot skaal te sien, om 'n meervoudige en selfs by tye 'n konnektiewe intelleksie [meervoudige integrasie van waarneming, begrip, verstaan, insig en invensie] te geniet”. Van hierdie “meervoudig konnektiewe intelleksie” probeer ek in allerlei ander verbande ook iets spesiaal te maak. Dit klop met sy meer onlangse beklemtoning in 'n publikasie wat handel oor wetenskappe, skrywers en filosowe, van die uitmuntende taak van die geesteswetenskappe (of wetenskappe van die gees), as die enigste wat bevoeg is (watter ander wetenskappe sou dit kon doen?) om 'n sinvolle leefwêreld te komponeer (Serres 2009). Dit sou ook ons grootste uitdaging wees.

Lees in aansluiting hierby sy opmerking in die Serres/Latour (1995:27) onderhoud waarin Serres beklemtoon:

What underpins philosophy is not this or that partial science but the active totality of knowledge, as a totality. One only becomes a philosopher late in life – unlike scientists, who start inventing in their youth – because one must pass almost all one’s life in preparation. The time of apprenticeship is immense, because it must encompass everything. As for experience, one must have travelled in the world and in society; one must know the countryside and social classes, different latitudes and cultures. For knowledge, [one must have travelled] the encyclopedia, and for life, [one must have travelled] the world. From formal logic to the five senses and from Rome to parasitology – inevitably, the philosophical work reflects this totality. It excludes nothing; better yet, it attempts to include everything.

Dan eers kan die wêreld, ons wêreld tot sinvolle leefwêreld gekomponeer word.

Dit klop ook met die klem op “die filosofiese”. Twee van my geliefde filosofe is voorbeelde hiervan: Michel Serres en Gilles Deleuze. Serres skrywe eintlik nie oor filosofe en filosofieë nie – hy is bloot filosofie besig. Deleuze het weliswaar baie oor filosofe geskrywe, maar op so ’n wyse dat hy die filosofie, eerder as die filosofie of ’n filosofie, uit hulle werk na vore laat kom het: Spinoza, Kant, Bergson, om maar net drie te noem. Guattari (2002:17), die skryfmaat van Deleuze, stel dit so:

Ons dink geheel en al nie aan die dood [einde] van die filosofie nie; ons dink die filosofie gebeur, dit is beweging en selfs [beweging] deur ander kulture as die Westerse kultuur heen, in ander vorme – soos die verskillende vorme van wysheid, byvoorbeeld – die filosofie is iets essensieel tot menslike bestaan. As sodanig is dit nie beperk tot filosofieprofessore en onderwysers aan skole of universiteite nie [of selfs die Weste nie] ... Ek glo dat daar eerder ’n filosofiese proses is, maar geen finaliteit of voldaanheid nie. (Eie vertaling.)

Dat hierdie perspektief direk met wêreld verband hou, word duidelik uit die afwysing van die metafoor van die boom (wat ’n manier van in die wêreld wees simboliseer, naamlik geslotenheid) en die omarming van die metafoor van die risoom (as ’n alternatiewe wyse, naamlik openheid). Die risoom is veel nader aan die gedagte van die meervoudigheid, die veelgekonnekteerdheid, die veelvlakkigheid (duisend plato’s) en manifestasies van dié aard wat die verbintenisse en verbande tussen dinge, alles wat is, wat ons saam wêreld noem, demonstreer. Die filosofiese proses is die proses van komponering van ’n sinvolle leefwêreld, ’n “ekosofiese” proses, noem Guattari (1989) dit (die wysheid van die huishouding).

DIE BEGRIP WÊRELD

Die kernbegrip is die begrip wêreld. Dit is ’n begrip waarmee ons almal vertrou is, wat ons elke dag in verskillende situasies hoor of gebruik met allerlei betekenis. Indien ’n mens probeer nadink oor wat die term beteken, raak dit interessant. Die begrip wêreld is ’n mensebegrip; mense gee daarmee iets te kenne. Dit wat mense te kenne gee, omvat veel meer as wat dit op die oog af lyk. Daar sit ’n soort “filosofie” in. Wie met wêreld besig is, is met die filosofiese besig. Dit is ’n poging om alles met alles in verband te bring: die denkbare en die ondenkbare; die meetbare en die onmeetlike; die dinge en hulle verbande met mekaar; mense en dinge se saamwees; mense en diere se saamwees; lewende dinge en dooie dinge se verwantskap en verhoudinge; ook die verhouding tussen wat hier is en wat aan die ander kant van hier wees ook mag wees.

Van die woorde wat so pas gebruik is, dui al klaar op die samestelling van wêreld, wat dit alles insluit en wat gemaak kan word met alles wat ingesluit is. Hiermee word die gedagte van

die betekenis van dinge na vore gebring en veral die gedagte van die sinvolle samehang van dinge – verbandlegging en sin hang saam. Wat hier moet bykom, is die baie belangrike saak van die plek van die mens in die wêreld, maar ook die plek van die individu, my plek, in die wêreld. Die mens as singewer moet dus ook verbandlegger wees. Hierdie plekbepaling is belangrik want dit speel ’n groot rol in die ervaring van sinvolheid al dan nie in mense se lewens. Dit word ook gou duidelik dat die plek van die mens in die wêreld nie die aangeleentheid van enkelinge is nie, maar dat dit ’n kollektiewe aangeleentheid is. Ten diepste gaan dit in wêreld dus veral ook oor die verhouding tussen mense. Wanneer gelet word op die gebruik van die term blyk dit gou dat daar in die meeste beskrywinge daarvan na mense verwys word.

Die filosoof, Jean-Luc Nancy, het minstens drie pragboeke oor wêreld geskrywe: die sin van die wêreld (1997) het hy baie insiggewend en van baie perspektiewe geanaliseer; ons skepping van wêreld en veral globalisering (of wêrelding miskien) (2007) wat ’n mensemaaksel is; ons plek in die wêreld, maar dan vanselfsprekend ook oor waaroor ons praat as ons van wêreld praat, veral in die lig van sy vraag: in watter wêreld lewe ons? (2011). Indien ons kyk na Nancy en sy mede-outeur Barrau se definisie in laasgenoemde boek, kom daar miskien lig oor die verhouding tussen wêreld en sin: “Die sin van ‘wêreld’ is nie meer slegs twyfelagtig of meervoudig nie: dit vorm die kernpunt waar al die apekte van en al die aangeleenthede rakende ‘sin’ in die algemeen saamgebind word” (Barrau & Nancy 2011:11).

Wêreld is hiervolgens, so lyk dit, ’n manier om sinsverbintenisse en synsverbintenisse te artikuleer waarvan ek, ons, nie uitgesluit is nie. Dit is egter veel meer as bloot ’n passiewe plekbepaling, maar ’n aktiewe plekvinding, die invensie van my plek. [Skepping het meer te doen met aktiwiteit met betrekking tot passiewe materiaal; invensie het meer te doen met wedersydse aktiewe intervensie en beweeglikheid en wisselwerking, veral denkmattige wisselwerking en beweeglikheid waaruit daar altyd iets verrassends na vore kan kom]. “I think that we must have a way of thinking and perceiving which brings everything together. What is common to all three basic attitudes (of spirit: the scientific, the artistic, the religious) is the question of thought. They all involve thought” (Bohm 2009:140). Hiermee saam kan ons Michel Serres se reeds genoemde gedagte ondersoek: “meervoudige, konnektiewe intelleksie”. Meervoudigheid is hier belangrik: die werklikheid, die wêreld, is meervoudig: “wêreld” praat Barrau en Nancy oor. So is denke en geestelikheid. Hierdie saam bymekaarbring van alles (die konnektiewe) as geestelike denkhandelinge is sin-verwesenliking en syn-verwesenliking. Dit is betowering.¹ Die verlies daarvan of die onvermoë om dit daadwerklik te doen, is onttowering van die wêreld, dus van alles wat in die begrip wêreld saam bymekaar gebring is, is daar ’n diskonnektering. Daarom vind ons dit ook in die praktyk: wie nie omgee vir mense nie, vir dinge nie, vir lewe nie, vir omgewing en natuur nie, gee ook nie om vir die self nie en vir wêreld nie. Onder al hierdie afwesighede van omgee en sorgdra word die weg onmiskenbaar gebaan vir die katastrofiese situasies wat meesal grens aan of uitloop op barbaarsheid in een of ander vorm.

Dit wil hieruit blyk dat die begrip wêreld baie te doen het met wêreld as ’n maaksel van mense en deur mense. Dit bring ons nader aan die tema van hierdie artikel: Die herbetowering van ’n onttowerde wêreld. Beide onttowering en herbetowering is werkwoorde en verwys na ons omgang met en die aard van ons omgang met die begrip. Herbetowering veronderstel alreeds dat betowering verloor is en hervind moet word. Betowering, “enchantment”, wil iets uitdruk van die grootsheid, die volheid, die ontsagwekkende, die harmonieuse, van dit wat tot verwondering dwing, wat ons verplig om daarvoor na te dink, daarvoor te be-sin, dit wat ons tot sin-vinding en

¹ Vgl Heidegger (1971) se pragtige opstel: Bou, woon, dink – menslike aktiwiteite wat vervleg is met sinsaangeleenthede: hemel, aarde, gode, sterflinge.

sin-skepping inspireer en ons aanspoor om ons plek in hierdie geheel te bepaal. Die plekbepaling is nie slegs 'n saak van die passiewe vind of ontdekking van my plek nie, maar veral die gretigheid om 'n plek vir myself uit te werk, uit te vind, te inventeer in terme van hoe ek dit verneem wat aan my deur dinge, dood, lewe, groot, klein, verhoudinge, samehange blootgelê word. Ek moet dus kan luister, kan kyk, kan voel, kan probeer verstaan. Om te luister na die volheid, die ontsaglike, die verwonderenswaardige, die harmonieuse, beteken ook om in harmonie daarmee te kom, om gevoeligheid en respek daarvoor te ontwikkel en om te veg teen die miskiening van dit alles.

Die gevoelloosheid, die traak-my-nie-agtige houding, die afsydigheid, die stiellose, raserige ontvlugting van dit wat te verneem is, soos Heidegger (1983) so duidelik beklemtoon, is harde simptome van die erge graad van onttowering. Hier is die wêreld van sy grootsheid, samehange, harmonieë, van plek-wees vir mense, ensovoorts beroof en gestroop. Dit lyk asof daar min dinge vandag so duidelik is as hierdie “harde simptome”. Ons kom dit elke dag in ons alledaagse gesprekke teë. Miskien tereg dan dat Stiegler (2012) in sy onlangse boek skrywe: Die kernprobleem van ons tyd mag die onttowering van die wêreld wees; die kernoplossing die herbetowering. Blote weerstand teen en kritiek op die onttowering is nie alleen onvoldoende nie, maar eerder in werklikheid bydraend tot onttowering. Ons obsessie met kritiek is nie bloot onskuldige suiwering nie. Herbetowering vra vir heelwat meer konstruktiefs: Dit vra vir skepping, vir invensie van 'n leefbare – 'n herbetowerde wêreld. Die invensie van 'n wêreld is die kernsaak.²

Gedurende die afgelope dekade het aansienlik baie publikasies die lig gesien wat die aandag vestig op die wesenlike of naderende katastrofe vir die wêreld. Dikwels word die katastrofe ook met barbarisme gekoppel wat dit nog erger maak. In al hierdie gevalle is dit pogings om “die gees van die tyd” te probeer bespreek en te analiseer en daaruit af te lei waarheen ons op pad is na wat lyk na gapende afgronde. Hierdie publikasies het so 'n omvang aangeneem dat 'n mens byna met reg al sou kon praat van 'n genre, sê Jean-Luc Nancy (2012). 'n Mens sou tereg ook dit wat alles in hierdie publikasies beskrywe word, kon beskrywe as 'n grootskaalse, kommerwekkende beskrywing van die “onttowing van die wêreld”, waarin onttowering in laaste instansie beteken die aftakeling van die waarde van wêreld, die onbewoonbaarmaking van die wêreld, die ont-tuiging en ont-geesteliking van die wêreld.

Sou dit neerkom op 'n misplaaste besorgdheid, of besit dit wesenlike argumente wat kommer wek en behoort te wek? Hoeveel onheil sou 'n onttowerde wêreld werklik inhou? Is die dinge wat aangedui word dat dit die huidige wêreld bedreig nie maar dinge wat altyd bestaan het en altyd bedreigend was sonder dat dit ooit te ver gekom het nie, of soms baie ver. Beleef ons dus nou 'n ernstiger bedreigde tyd? Was en is mensewêrelde nie maar altyd bedreigde wêrelde nie? Is dit nie maar natuurlik nie? Of is hier in ons eie tyd 'n eiesoortige dinamiek aanwesig wat vermy kan en moet word of herstel kan word? Sou ont-towering 'n wesenlike probleem wees dan is die vraag waarin bestaan dit ten diepste.

Moontlik help Barrau en Nancy se beskrywing van wêreld ons tog hier om aan te dui wat ont-towering werklik kan bewerkstellig. Hulle skrywe: “Die sin van “wêreld” is nie meer slegs twyfelagtig of meervoudig nie: dit vorm die kernpunt waar al die aspekte van en al die aangeleenthede rakende ‘sin’ in die algemeen saamgebind word” (Barrau & Nancy 2011:11). Dit is hierdie “sin” wat deur die dreigende katastrofes bedreig word; dit is hierdie verbondenheid van alles tot sinvolheid wat uitmekaar gaan spat wanneer die katastrofes toeslaan en uiteindelik die katastrofe van katastrofes kan afgee. Hierteen moet met alle krag wal gegooi word ten einde nie in totale sinloosheid te verval nie. Dit is die dreigende siekte van ons tyd, hierdie on-sin, nie-sin wat ook nie-syn en on-syn beteken.

² Kyk onder meer na Stiegler (2012), veral paragrawe 29-32.

Van watter wêreld praat ons? Net sowel kan ons vra: in watter wêreld lewe ons? Weet ons wat wêreld is? Of, is dit onbeslis? Hoeveel wêreld is daar? Of, is daar nog steeds maar net een? Wie se wêreld is dit? Dié van die ekonome? Dié van die digitaliste? Dié van die konsumeerders? Dié van die politici? Dié van populistes? Die wêreld is allereers 'n mensewêreld. Wêreld is geen gegewe nie, maar is 'n mensenaam! Mense werk saam daaraan om dit te ontower of te betower. Wie is die groot wêreldvernietigers? Diegene wat platvloers raak oor menslike gees en geestelikheid.

Oor die taalmatige wat uit die voorafgaande na vore kom net 'n enkele opmerking. Lacan (2008:66) maak die punt: "The Thing only presents itself to the extent that it becomes word". Dit is net moontlik dat ons ook sou kon sê: "World only presents itself to the extent that it becomes word."³ Tog is hier bevestiging moontlik. Michel Serres bevestig die stelling: "In die begin was die Woord": Die woord van filosofe, die woord van wetenskaplikes, die woord van skrywers. Dit verwerp hy. Hy dink anders: "One writes initially through a wave of music, ... from the whole body, ... and maybe from the depths of the world. ... One cannot grip one's pen but this thing, which does not yet have a word, takes off" (1995:138).

Dit noodsaak ons om te kyk na taal en saam-wees (ons) en kennis en wêreldskepping (Stiegler et al. 2006:48-9). Is dit nie alles manifestasies van die gees nie? Taal konstitueer op 'n tipiese wyse 'n proses van psigiese en kollektiewe individuering; die taalmilieu is die milieu van die deelname van almal. Die taal is 'n simboliese en sosiaal intrinsiek deelnemende milieu. Deelnemers transformeer hulleself en word wat hulle is deur die uitsprake wat hulle produseer sowel as deur die wat hulle ontvang. Die spreker is die een wat sy taal praktiseer en nie die een wat dit bloot gebruik of aanwend nie. 'n Mens wend nie taal aan of gebruik dit nie, maar word gekonstitueer deur die taal en word daardeur self ook 'n konstitueerder. Is dit nie alles manifestasies van die gees of geestelikheid nie? Taalverlies is geestesverlies, is menseverlies, is wêreldverlies en uiteindelik die verlies van sin.

DIE ONTTOWERING VAN DIE WÊRELD

Heidegger het beklemtoon dat die begrip wêreld altyd met gees te make het. Wêreld kan dus betower word deur dit met gees te laai en deur gees in die wêreld-wees van die wêreld te erken. Daar is egter ook sprake van 'n "enfeeblement", 'n "emasculatation" van die gees, beweer Heidegger. Dit het veral in Europa begin. Hierdie emaskulasie (ontkrating) geskied deur "waninterpretasie". Dit kan baat om Heidegger (1974:45-50) hieroor sorgvuldig te lees. Daar is 4 punte van waninterpretasie: 1. Die waninterpretasie van "die gees van intelligensie" deur dit met berekening en blote slimigheid te vervang; 2. Gees, vervals tot dié soort intelligensie, wat daardeur tot 'n stukkie manipuleerbare gereedskap word; 3. Die energieë van die geestelike proses verval dan tot voorwerpe van manipulasie en beplanning en bestuur wanneer gees tot gereedskap gedegradeer is; 4. Uiteindelik word gees bloot utilitaristiese intelligensie en gees as kultuurvoorwerp word 'n vakansieornament wat saam met baie ander dinge gekultiveer word as bewys dat daar geen intensie is om kultuur te bestry of barbarisme te begunstig nie. Hierdie waninterpretasie van gees impliseer duidelik ook 'n waninterpretasie van wêreld. "The essence of spirit ... is a fundamental knowing resolve toward the essence of being" (Heidegger 1974:49).

Daar moet nog iets bykom: Die tyd van die wêreldbeeld van Heidegger is werklik 'n beskrywing van die ont-towering van wêreld deur dit te ver-dinglik en meetbaar, beeld-baar, te maak – miskien ook maakbaar? Is die maakbaarheid van wêreld nie juis ont-towering van wêreld nie, want dit bring die rasionalisering van wêreld mee – die regverdigingsargumente van die misbruik daarvan. Let op

³ Vergelyk Foucault (1974) oor woorde en dinge.

die vroeër genoemde artikel “Bou, woon, dink” waarin Heidegger waarsku dat die bemeestering van die wêreld (aarde gebruik hy), die onderdanig maak van die wêreld, slegs ’n klein stappie verwyder is van die onbepaalde uitbuiting van die wêreld. Die redding van die wêreld sou beteken om dit net te laat wees. Of soos Ronald Laing van tussenmenslike verhoudinge sê: “Let the other be, but with affection and concern”. Ons wil altyd inmeng en bemoeisiek raak.

Wêreld is ’n dinamiese konsep wat verband hou met die terme sin en syn en wat dan ont-sin en ont-syn kan word, veral omdat dit ont-gees word en ook ont-ken en ont-ons word en miskien selfs ont-taal word – dit lyk na absolute ontowering! Die ondeurdagte taalmorsigheid van die sosiale media is ’n illustrasie hiervan. Kyk na Turkle se “Alone together” in hierdie verband.

Die wêreld as ons woning word as gevolg van die ont-towering tot onbewoonbare, bedreigde en uiteindelik ook bedreigende ruimte. Dit is ’n simboliese (saamvoegende, verrykende, bindende, helende) ruimte en die ont-towering maak dit tot ’n plek van simboliese ellende. Hierdie simboliese ellende tref die konsument (verstaan dit goed: dit kan gebruik wees, maar ook verbruik en ook misbruik) wat ons almal is, aangesien dit ons kinders, ons vriende, ons ouers, affekteer en so ook besmet dit ons mees intieme lewensmilieus, soos die lug wat in sekere dele die inwoners, ryk en arm, eienaars en proletariërs, vergiftig en so die milieu onbewoonbaar maak. Hierdie ellende is soveel te meer ondraaglik omdat dit simbolies en nie alleen fisies van aard is nie, maar deurdring tot in die diepste dieptes van ons wese, so asof die simbole gedoem is om in diablole om te keer (Stiegler 2004:193-4), waar diabolies beteken om uitmekaar en deurmekaar te gooi, te ontwrig en te ontstig.

Alles wat maakbaar is en dus gemaak word mag op hierdie wyse tot ontluistering of ontowering lei. Dit mag die wêreld beroof en vermink. Dit is ook ’n konsumering van die wêreld en van die lewe in die wêreld (Bauman 2007) – die uiteindelige opgebruik daarvan. Dit is ook ’n ontluistering. Dit is wat Weber, Habermas, Horkheimer, Adorno en ander met rasionalisasie bedoel. Die rasionalisasie is ’n ontluistering en despiritualisering. Dit is ’n ont-singularisering van sy bewoners. Die ont-towering neem dus ’n grusame gestalte aan. Wêreldvervaltheid is meteen ook sins- en synsvervaltheid en uiteindelik die vervallende, of die uitmekaar val, van die lewe – en dit is die grusame konsekwensie van katastrofiese omvang. Hierdie ont-towering is ’n proses. Aardverwarming en wêreldverarming gebeur geleidelik onder ons oë sonder dat ons dit regtig agterkom, dit wil glo, of iets daaraan kan of wil doen.

Informatisering, wanneer dit tot ont-kenning en mis-kenning lei, is meteen ook ontowering – die stroop van die wêreld van die volheid van kennis en die diepte van gemeenskap. In hoeverre maak kuberwêreld en digitalisering van alles ’n bydrae tot betowering of is dit diepgaande ontluistering, ontowering?

Drie moontlike fases van ontowering kan moontlik onderskei word:

Die tyd van die wêreldbeeld kan as die eerste fase van ontowering beskou word waarvolgens wêreld as beeld, as ingeperkte, vasgevang, vasvangbare, berekenbare en meetbare entiteit beskou word. Dit affekteer ons taal, ons simbole, ons saamwees, ons kommunikasie.

Kuberwêreld is die volgende fase van ontowering in die digitalisering van alles en die definisie van alles in terme van die digitale en die numeriese met ’n aftakeling van die literêre en die verval van die geestelike?

Binne die raamwerk van die kubernetika lei hierdie verwickelinge tot die ontwikkeling van die posthumane en transhumane en selfs inhumane mensbeeld, veral met implikasies vir gemeenskap, etiek en verantwoordelikheid en dit is moontlik die derde fase van ontowering.

Dit is wel die teenoorgestelde van wat die tegnoprofete (Lecourt) hiermee voorspel, naamlik onsterflikheid en onfeilbaarheid, maar is hulle eskatologieë en apokaliptiese visioene geldig en

van beduidende betekenis? Het mense nie nog maar altyd dié soort visioene gehad nie? vra Janicaud. Dieselfde geld van “die lig van die positivisme” waaroor onlangs ’n boek deur ’n bekende Franse analitiese filosoof geskrywe is. Is hierdie “lig” die laaste en finale kennislig?

Werk al drie nie aan die ont-geesteliking deur die rasionalisering, die reduksionistiese, die berekenbaarmaking tot by die dehumanisering as inhumanisering nie, ondanks alle pretensie tot die teendeel? Eskatologieë is nie sonder meer absoluut verdienstelik nie!

Die katastrofe-literatuur van die jongste tyd, waarvan Nancy skrywe dat dit al byna ’n genre geword het, beskrywe myns insiens die implikasies van hierdie sake tot die punt van ontsteltenis toe.

DIE HERBETOWERING VAN DIE WÊRELD

Sou dit geldig wees om te vra of omkering van hierdie toedrag van sake moontlik is? Sou dit verwesenlikbaar wees? Ons sal moet terugkom by wêreld in sinsverband en sekerlik ook in sinsverband indien ons hierop positief wil antwoord. Kan ons en wil ons en behoort ons hierby uit te kom? Ek glo Serres (2009:27) se bespreking oor die diepgaande aard van die geesteswetenskappe is ’n sleutel hiertoe. Die ander wetenskappe, ondanks al die wonderlike werk, kan nie vanweë hulle soort sinsverbintenisse of liever afwesigheid van sinsverbintenisse en ’n gebrek aan begrip daarvoor hierop antwoord nie – nie in terme van hulle wetenskappe nie.

Hoe doen ons dit? Deur her-spiritualisering wat beteken om ons terug te bring, weg van die onpersoonlike, by die outentieke “ons-wees”, die diepte van gemeenskap, wat verantwoordelik en intelligent met wêreld en met wat in die wêreld is assosieer. Dit is ’n stryd teen onkunde en vir intelligensie (die volheid van kennis). Terwyl eersgenoemde in alle gevalle onttower, is laasgenoemde die vereiste vir herbetowering. Dit ontvlug die graad-nul van denke.

Wêreldstigting is essensieel. Her-opluistering of her-betowering beteken om die rasionaliteit weer binne noëtiese verband terug te bring tot volwaardige redelikheid en komposisionele denkmatigheid. Dit beteken die hersingularisering waarvan Guattari skrywe wat neerkom op die herontdekking van subjektiwiteit in singulariteit. Sy ekosofie (die wysheid van die huishouding) mag spore bied vir die roete na herbetowering. Hierdie ekosofie is ’n bewerking van subjektiwiteit, van gesamentlikheid en van die omgewingsmatig tot sinvolle geheel.

Hoe doenbaar of maakbaar is hierdie onderneming? Singularisering; taalmatigheid; spiritualisering en selfs nou digitalisering kan ’n rol hier speel. Almal staan in die teken van die farmakon: dit kan dus gif wees of ’n geneesmiddel. Die maakbaarheid hang af van ons vermoë om aan die regte kant hiervan – die farmakon – te kom! Dit vra stryd wat moed, inspanning, dissipline, verantwoordelikheid, denke, konseptuele apparatuur en handeling verg en is dus geen vanselfsprekendheid nie. Die verheffing van die gees en geestelikheid en die opluistering en herbetowering van die wêreld is geen maklike taak nie en moet bo alles volhoubaar gedoen word. Demo-dinamiese politiek (waarin die ware krag van burgers tot uitdrukking kom), kontributiewe ekonomie (bydraend eerder as uitbuitend), assosiatiewe samelewing en gemeenskappe en kollektief intelligente wetenskapbeoefening en kennisfasilitering is hiervoor nodig.

Die makelaars of inventeerdere van die “maakbare” her-betowering – wie sou dit kon wees? Waarom sou ons die naam “makelaar” weggee aan die ekonomiese sektor? Wie het ’n rol in die herbetowering te speel? Wie kan ’n makelaar wees, nie in die ekonomiese sin nie, maar in die ekosofiese sin van die woord? Wie ook al die wapenrusting kan hanteer. Die filosofiese taak in die luisterverlening sluit ook diegene in wat uit die filosofie voortgekom het – al die wetenskappe – en alle ander wat met denkvermoëns toegerus is. Daar is egter ’n kwalifikasie: dit is en moet ’n filosofie wees wat onderstebo gekeer is en wakker geword het uit die dogmatiese sluimer van die eeu;

dieselfde geld die wetenskappe en veral alle denkende wesens. Omgekeerde denke dus. Die maakbaarheid is nie blote vaardigheid nie. Dit is en moet ook 'n konseptuele en spirituele maakbaarheid wees. Dit is 'n deel van die ommekeer – egte, outentieke transformasie!

Maakbaarheid as blote vaardigheid is ontoereikend. Dit hou ons nog vas binne “die graad-nul van denke”. Graad-nul van denke beteken nie letterlik nul of niks denke nie. Dit beteken eensydige denke wat dus kansellerende denke is, want dit kanselleer en diskrediteer die ander nagelate denkdimensies en alles wat dit vermag. 'n Mens kan ook praat van “blokkerende denke” (Stiegler et al. 2006: 50). Hierdie nalatigheid bring distorsies en verminking mee wat selfs gevaarliker kan wees as geen denke. Dit kom neer op 'n verwronge konsep van kritiese denke, dit is kritiese denke in sy negatiewe momente. Voorbeelde hiervan vind 'n mens in al die ondeurdagte vanselfsprekendhede: wêreld; geregtigheid; tegnologie; kommunikasie; inligting; kennis; ensovoorts.

Die denkdimensies saam geneem verwag boonop nog meer. Dit is waarin die mag van en vermoë tot betowering geleë is, naamlik om die sinvolle leefwêreld so met die insette van alle denkdimensies tot betowerde wêreld te komponeer dat dit mens sal inspireer om die wêreld as die enigste, beste, leefbare, woonbare wêreld te inventeer en te besing.

Die herbetowering van die wêreld sou neerkom daarop dat daar teruggekeer word tot “die konteks van die ge-assosieerde milieus en die herkonstituering van individuering as assosiasie en dialogiese sameloping” (Stiegler et al: 52). Her-betowering van die wêreld is dus, soos al meermale beklemtoon, 'n mense-aangeleentheid soos wêreld self ook! Deel van wêreld-wees is menslike saam-wees. Hoe meer menswees, hoe meer wêreld-wees kan verwag word. Dus, ont-towering bewerkstellig altyd dissosiasie, ont-mensliking.

In-die-wêreld-wees is inderwaarheid 'n lewenswyse. Dit is om te woon en ware woning sê Heidegger is “die grondtrek van die syn” en dit is sinsvervulling. Die bestaande lewenswyses in 'n ont-towerde wêreld moet getransformeer word tot nuwe lewenswyses vir die herbetowerde wêreld om daarin tuis te wees. Die vraag is: Wat is die voorwaardes en omstandighede vir sodanige nuwe lewenswyses? Hierdie vraag bring die punt na vore dat dit nie in die eerste plek gaan oor die wete hoe om te transformeer nie, MAAR hoe om die voorwaardes of omstandighede van individuering te transformeer [maakbaarheid] vir sover dit as proses van adopsie (nie aanpassing nie) transformasie sal toelaat of nie sal toelaat nie – terwyl goed verstaan moet word dat alle transformasie nie noodwendig goed is nie: transformasie kan ook tot die ergste lei. En dit is presies die geval wanneer dit dissosiatief, dit wil sê disindividueerend, driftelik en in die finale sin barbaars en intrinsiek imbesiel raak.⁴ Ons het hier te doen met die proses van die aanname van gesindheid, ingesteldheid en gerigtheid op 'n herbetowerde wêreld en nie bloot aanpassing by die onttowerde nie. Dit is versmorend. Die proses van aanname moet fokus op die volgende voorwaardes: die voorwaarde van 'n ekosofiese omgewing voorgestel deur Guattari waarin die self, mekaar en omgewing versoend en verweef verkeer; die voorwaarde van die wonende vertoef by die vierskaar van Heidegger: hemel, aarde, gode en sterflinge; die voorwaarde van “die verneem van die syn”, die luister na die syn; die voorwaarde van die meervoudig konnektiewe intelleksie van Serres waardeur die verbande raakgesien en raakgedink word sodat alles wat is, raakgeleef kan word. (Catherine Malabou se teorie van plastisiteit wat die ondergaan van vorm, die gee van vorm, en die vernietiging van vorm artikuleer kan ook baie met hierdie prosesse help).

⁴ Vergelyk Stiegler et al. (2006:68-69) vir hierdie paragraaf.

SLOT

Wêreldskepping moet van meet af 'n sorgsame oefening wees. Die maakbaarheid waartoe die wêreld sig leen, kan verleidelik wees en maklik tot misbruik van die maakbare lei. Elkeen wat prys stel op behoorlik ontwikkelde denkvernuif, dus wegbeweeg het van die graad-nul van denke, is verantwoordelik om 'n medewerker te wees in hierdie proses van komposisionele denke in die komponeer van wêreld van sinvervulling en sinsverwensliking.

Die ontowering van die wêreld is, volgens Stiegler et al. (2006), hoofsaaklik veroorsaak deur die industriële populisme met die omvangryke impak daarvan op alle fasette van menswees en wêreldwees: die rasionalisering van die wêreld (Weber), die aftakeling van die waarde van die gees, die inligtingverknoidheid van wêreld, die verminking van kennis tot 'n handelsware en die likwidasië van outentieke gemeenskap as gevolg van al hierdie sake.

Herbetowering sou beteken die verset teen hierdie populisme deur die herwinning van geestelikeheid, die herinvensie van die noëtiese in antwoord op die rasionalisasie deur 'n stryd om intelligensie en teen stommititeit, die kennis van kennis in antwoord op die fetisjisme van inligting en die herontdekking van die sorgsame “ons”-heid van gemeenskap.

Virtuele werklikheid, aanvullende werklikheid, alternatiewe werklikheid, die terme waarmee deesdae gewoener word, is nie meer 'n mensewêreld nie, of is dit, kan dit nog wees en wie skep dit? Of, kan beweer word dat die karakter van wêreldwees hierdeur gelikwideer word ... of kan dit moontlik 'n verryking wees? Menswees en wêreldwees is verbind met mekaar. Sluit hierdie wêreldwees die virtuele wêreld en ander wêreld in? Waarskynlik. Dink aan Deleuze oor virtualiteit as voorbeeld (Alliez 1996); of ook aan Lévy (1998)!

Hierdie ander- wêreld-wees van die virtuele, die aanvullende, die alternatiewe, is inderdaad 'n ander wêreld, soos “die tyd van die wêreldbeeld” ook 'n ander as mensewêreld wat geskep is, beskrywe het. Dit kan ook brokstukke wees van 'n ander wyer en dieper/hoër wêreldbeeld of wêreldopvatting, aangesien “wêreldbeeld” in die sin van “wêreld as beeld” sy eie gebreke en grense het.

Wêreld is 'n menseskepping. Nie-mense, posthumane wesens, skep iets anders, maar wat anders? Indien hulle dus wel skep dan is dit 'n vraag of hierdie skepping wel wêreld genoem behoort te word of nie. Michel Serres gee hieroor heelwat om oor na te dink. Hy wys daarop dat gedurende dieselfde tyd dat die tegnieke muteer, ondergaan die menslike liggaam metamorfoses, verander geboorte en dood, lyding en genesing, beroepe, ruimte, woonplek, wyses van in-die-wêreld-wees (Serres 2012:21).

“Die hele wêreld, so lyk dit, bedreig sigself” (Stiegler 2012:234). Kennis het die hoof faktor van die ekonomiese oorlog geword wat in werklikheid die wêreld vernietig. Die post-strukturaliste beveeg dit wel. Later wys Stiegler egter daarop dat hoewel hulle kritiek lewer en weerstand bied, hulle ongelukkig nie verder kom nie: hulle bereik nie die punt van invensie nie en dit is waarby ons eenvoudig moet uitkom.⁵

BIBLIOGRAFIE

- Alliez, E. 1996. *Deleuze: philosophie virtuelle*. Le Plessis-Robinson: Synthélabo.
 Barrau, A. & Nancy, J-L. 2011. *Dans quels mondes vivons-nous?* Paris: Galilée.
 Bauman, Z. 2007. *Consuming life*. Cambridge: Polity Press.
 Bohm, D. 2009. *On creativity*. London: Routledge Classics.

⁵ Vergelyk ook Stiegler 2012:40 oor hierdie wêreld-invensie.

- Foucault, M. 1974. *The order of things: an archaeology of the human sciences*. London: Tavistock publications.
- Guattari, F. 1989. *Les trois ecologies*. Paris: Galilée.
- Guattari, F. 2002. "*La philosophie est essentielle à l'existence humaine*". La Tour d'Aigues: Éditions de l'Aube.
- Heidegger, M. 1971. Building, dwelling, thinking, in *Poetry, Language, Thought*. New York: Harper & Row.
- Heidegger, M. 1974. *Introduction to metaphysics*. New Haven: Yale University Press.
- Heidegger, M. 1983. *De tijd van het wereldbeeld*. Tiel/Bussum: Lannoo.
- Lacan, J. 2008. *The ethics of psychoanalysis*. London: Routledge Classics.
- Lévy, P. 1998. *Becoming virtual: reality in the digital age*. New York: Plenum Trade.
- Nancy, J-L. 1993. *Le sens du monde*. Paris: Galilée.
- Nancy, J-L. 2002. *La creation du monde ou la mondialisation*. Paris: Galilée.
- Nancy, J-L. 2012. *L'Équivalence des catastrophes (Après Fukushima)*. Paris: Galilée.
- Prigogine, I. & Stengers, I. 1989. *Tussen tijd en eeuwigheid: de nieuwe plaats van de mens in de natuurwetenschap*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Serres, M. 1980. *Hermes V: Le passage Nord-Ouest*. Paris: Minuit.
- Serres, M. 1995. *Genesis*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Serres, M. 2009. *Écrivains, savants et philosophes font le tour du monde*. Paris: Le Pommier.
- Serres, M. & Latour, B. 1995. *Conversations on science, culture, and time*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Stiegler, B. 2004. *De la misère symbolique 1: L'époque hyperindustrielle*. Paris: Galilée.
- Stiegler, B. 2012. *États de choc: bêtise et savoir au XXIe siècle*. Paris: Mille et une nuits.
- Stiegler, B. & Ars Industrialis. 2006. *Réenchanger le monde: le valeur esprit contre le populisme industriel*. Paris: Flammarion
- Tournier, P. 1968. *A place for you*. London: SCM Press.